# Wit mans, swart vroue: *Man-Bitch* van Johan van Wyk (2001) en *Kontrei* van Kleinboer (2003) as seksuele outobiografieë

**Andries Visagie**

*Since 1994, the date which marks the transition to democracy in South Africa, there has been an increase in the publication of sexual narratives. In her research on the intensification of the discourse on sexuality in South Africa, the sociologist Deborah Posel (2004) observes that the black youth in South Africa have appropriated a sexualised freedom as a manifestation of the break between the apartheid and post-apartheid generations. This article is a study of the sexual autobiography within the context of urban South Africa since 1994. In his review of Johan van Wyk's* Man-Bitch *(2001) Lewis Nkosi (2005) comments on Van Wyk's fictionalised autobiography as a text situated within the newly constituted multiracial urban spaces, which have the potential to give birth to new South African identities. In their sexual autobiographies white writers Van Wyk (*Man-Bitch*, 2001) and Kleinboer (*Kontrei*, 2003) give an account of their multiple sexual encounters with black women, mainly prostitutes, in Durban and Johannesburg. Both writers give expression to the tension between an uninhibited and life-affirming celebration of sexual enjoyment and a sensation of imminent doom or death which accompanies their sexual activities. This tension between Eros and Thanatos is one of the phenomena that this paper will describe in an effort to propose a typology of the sexual autobiography as a small but significant subgenre in life-writing. The sustained representation of the sex life of the narrating subject functions as a significant structural principle in the narrative. Furthermore, the sexual autobiography seems to be a form of confessional literature – the narrative becomes a way of cleansing the subject of feelings of guilt about his or her sexual experiences.*

## 1. Inleiding

Die tekste waaraan die grootste deel van hierdie artikel gewy word, vorm in werklikheid deel van 'n literêre beweging op klein skaal wat nou verbonde is aan die politieke en seksuele emansipasie van die Suid-Afrikaanse samelewing sedert die eerste demokratiese verkiesing in 1994. 'n Spilfiguur in hierdie "beweging" is die digter en skrywer Johan van Wyk wat tot enkele jare gelede professor in literatuurwetenskap was aan die Universiteit van Durban-Westville. Nie alleenlik is Van Wyk se outobiografiese relaas *Man-Bitch* van 2001 en sy *LitNet*-rubrieke, "Gillespiestraatslenters", belangrik binne die korpus tekste wat hierdie "beweging" voortgebring het nie, maar hy was ook 'n mentorfiguur vir ten minste drie

ander skrywers, naamlik Zinhle Carol Mdakane (2001), Kleinboer (2003), en Zazah Khuzwayo (2004).[1] Van Wyk is van mening dat die tekste van Mdakane en Khuzwayo die begin van postapartheid literatuur verteenwoordig (in Coullie & Van Wyk, 2006: 402).

Hierdie groep skrywers het sedert die begin van die een-en-twintigste eeu outobiografiese tekste gepubliseer wat openhartige verslae is van seksuele verhoudings oor die kleurgrens heen met prostitusie as 'n steeds terugkerende gegewe. Dié tekste is voorafgegaan deur die fiksionele werk van Clinton V. du Plessis wat byvoorbeeld in sy kortverhaalbundel *Kort van draad* (1997) skryf oor ontmoetings met wit prostitute. J.C. Kannemeyer (2005: 625) beskou verder die werk van R.R. Ryger en Ryk Hattingh asook *Somer 2* van André Letoit as voorlopers van Kleinboer se *Kontrei* terwyl Fanie Olivier (2004: 11) *Die bieliebalies* van Dolf van Coller as 'n voorloper identifiseer. Johan Van Wyk (in Coullie en Van Wyk, 2006: 399) wys ook op die verbande tussen sy *Man-Bitch* en die werk van Afrikaanse skrywers soos R.R. Ryger, Dan Roodt en Chris Pretorius. Hierbenewens bestaan daar ook verbande tussen Van Wyk en Kleinboer se boeke en die groeiende aantal outobiografiese tekste oor die vigspandemie in Suid-Afrika, byvoorbeeld *Witness to AIDS* van Edwin Cameron (2005) asook *Aidsafari. A Memoir of My Journey with Aids* van Adam Levin (2005), en vertellings van seksuele ontbering soos kindermolestering waarvan die blitsverkoper *Dis ek, Anna* van Elbie Lötter (2004) en *Here Be Lions* van Helen Brain (2006) prominente voorbeelde is (sien ook Greeff, 2006 oor Brain).

In hierdie artikel word die bogenoemde outobiografiese tekste uit Suid-Afrika beskou binne ontwikkelinge in die wêreldliteratuur wat aantoon dat outobiografiese relase met 'n sterk seksuele inhoud internasionaal opvallend prominent geword het. Hierdie artikel maak ook voorstelle vir 'n tipologie van die seksuele outobiografie waarna *Man-Bitch* van Johan van Wyk (2001) en *Kontrei* van Kleinboer (2003) as Suid-Afrikaanse voorbeelde van die seksuele outobiografie bespreek word.

## 2. Die diskoers oor seksualiteit in Suid-Afrika sedert 1994

Die merkbare toename in die publikasie van openhartige seksuele narratiewe in Suid-Afrika sedert 1994 hou verband met die nuwe seksuele vryheid wat na die bekragtiging van die eerste demokratiese grondwet 'n werklikheid geword het. Voor die oorgang na demokrasie het die Nasionale Party-regering in Suid-Afrika 'n puriteinse seksuele politiek aangehang wat onder meer daarop gerig was om seksuele kontak tussen wit en swart mense strafbaar te maak.[2] Die huidige grondwet het egter die erkenning van sekere regte ook uitgebrei na die terrein van seksualiteit om sodoende puriteinse en onderdrukkende wetgewing oor seksualiteit uit die vorige bedeling ingrypend te hersien. Die erkenning van vryheid van

uitdrukking het gelei tot onder andere 'n verslapping van sensuur en homoseksuele geniet byvoorbeeld die waarborg dat diskriminasie op grond van seksuele oriëntasie ongrondwetlik is (Posel, 2004: 55).

Deborah Posel (2004: 62) konstateer dat daar tans twee teenstrydige tendense is binne die diskoers oor seksualiteit in Suid-Afrika. Aan die een kant het seksualiteit by uitstek die sfeer geword waarin die nuut verworwe vryheid sedert 1994 met mening uitgeleef word. Vir die swart jeug het die aangryping van 'n geseksualiseerde vryheid 'n manifestasie geword van die breuk tussen die apartheid- en postapartheidgenerasies. Aan die ander kant is daar die assosiasie van seks met gevaar en die dood, veral as gevolg van die ontstellende hoë voorkoms van seksuele geweld teen vroue en die vigskrisis wat 'n integrale deel van die postapartheidspolitiek geword het (Posel, 2004: 56-57).

Posel se waarneming van die twee teenstellende tendense in die diskoers oor seksualiteit in postapartheid Suid-Afrika, die vitale bevestiging van seksuele vryheid teenoor die vrees vir seksualiteit in assosiasie met dood en geweld, is myns insiens die spesifiek Suid-Afrikaanse verskyningsvorm van 'n digotomie wat lank reeds in die Westerse diskoers oor seksualiteit bestaan. Die twee pole binne hierdie digotomie word sedert Sigmund Freud (1955) metafories benoem as Eros en Thanatos. Eros is die lewenskeppende kreatiewe verlange ter wille van die vreugde wat daaraan verbonde is en kom te staan teen en tree noodwendig in gesprek met Thanatos, oftewel die dood. Thanatos verwys verder na die donker afgrond van die diep, matelose begeerte waarin onbeheerbare kragte ontketen word. Hierdie kragte dra dan by tot die vernietiging van die persoon en sy of haar omgewing (sien Commers, 2000: 145, 154).

In sy bekende boek oor die erotiek, *Eroticism* (*L'érotisme*) besin ook Georges Bataille (1962) oor die ontmoeting tussen Eros en Thanatos. Die erotiek bied aan die mens die geleentheid om deel te hê aan 'n vreugdevolle ervaring van kontinuïteit wat, paradoksaal genoeg, uiteindelik slegs deur die dood verwesenlik kan word. Bataille merk op dat die erotiese ervaring waardeur die individu opgelos word om saam te vloei in 'n kontinue vereniging met 'n ander, 'n gewelddadige proses is aangesien die integriteit van die individuele bestaan afgebreek word. Die mens herken in die ongemaklike veranderinge wat organismes tydens reproduksie ondergaan iets van die basiese geweld wat verantwoordelik is vir die fisieke ekstase in die erotiese spel. Bataille vermoed dat die fisieke erotiek neerkom op 'n radikale inbreuk op die wese van diegene wat daarby betrokke is, 'n inbreuk wat grens aan die dood en selfs met moord vergelyk kan word (Bataille, 1962: 17 en Visagie, 2004: 163).

## 3. Die seksuele outobiografie

Die genoemde spanning tussen Eros en Thanatos is ook relevant vir die tekste wat in hierdie artikel ter sprake kom. Ek maak eers enkele voorlopige opmerkings oor die aard van die seksuele outobiografie wat ek dan sal illustreer aan die hand van Johan van Wyk se *Man-Bitch* (2001) en Kleinboer se opspraakwekkende boek *Kontrei* (2003).

### *3.1 Seksualiteit as strukturerende beginsel in die seksuele outobiografie*

Die seksuele outobiografie word van ander outobiografieë onderskei deurdat dit die seksuele lewe van die vertellende subjek tot 'n belangrike strukturerende beginsel in die narratief verhef. Die beslissende gebeurtenis in die lewe van die outobiografiese subjek wat so dikwels 'n swaartepunt in die vertelling word, is in die seksuele outobiografie 'n spesifieke seksuele ervaring wat uitkring na ander seksuele ervarings en op 'n fundamentele manier bepalend is vir die subjek se verslag van sy of haar lewe binne 'n bepaalde sosiohistoriese bestel. Seksualiteit word in die seksuele outobiografie as strukturerende beginsel bevestig deur gereelde verwysings na seksuele praktyke wat sowel terugkerende besinnings oor die spesifieke, bepalende insident insluit as verbandhoudende of kontrasterende seksuele ervarings uit die outobiografiese subjek se lewe.

Twee voorbeelde van seksuele outobiografieë uit die wêreldliteratuur is Jean Cocteau se *Le livre blanc* (1983) en Edmund White se *My Lives* (2005). Jean Cocteau (1983: 15) begin *Le livre blanc* byvoorbeeld met 'n sin waarin hy die leser voorberei op drie deurslaggewende erotiese gebeurtenisse in sy kinderjare wat in die res van sy lewe steeds na hom sou terugkom. In *My Lives* (2005) keer die Amerikaanse romanskrywer Edmund White in elke hoofstuk van sy outobiografie terug na die ontwikkeling van sy gay identiteit met uitgebreide beskrywings van sy veelvuldige seksuele ervarings.

Ook in Agnes Sommer[3] se *Houden van Afrikanen* (1991), wat eerder as 'n reisverhaal as 'n outobiografie beskryf kan word, is die seksuele lewe van die vertellende subjek, spesifiek haar voorliefde vir erotiese kontak met swart mans, 'n strukturerende beginsel in die teks. Die verteller se stiltes oor haar eie seksuele ervarings het egter tot gevolg dat die leser se aandag verskuif na Sommer se uitgebreide verslag oor die geografiese en kulturele verskynsels wat sy teëkom tydens haar reis deur Afrika. Sommer se verswygings oor haar sekslewe ontmoedig weliswaar enige tipering van *Houden van Afrikanen* as 'n seksuele outobiografie, maar die strukturerende belang van seksuele begeerte in die teks maak so 'n tipering uiteindelik wel aanneemlik. Hierteenoor is 'n bekende boek soos *Ik Jan Cremer* (Cremer, 2000) na my mening nie 'n seksuele outobiografie nie

omdat die seksuele lewe van die vertellende subjek, Jan Cremer, ondanks die vele sekstonele in die teks, nie op 'n volgehoue manier as strukturende beginsel geld nie.

## 3.2 *Die spanning tussen Eros en Thanatos*

Soos reeds aangedui, is die spanning tussen Eros en Thanatos, dit wil sê die uitgelate en vitale bevestiging van seksuele genot teenoor die somberder representasie van seksualiteit in die verlengde van dood en gevaar, op verskillende maniere aanwesig in die seksuele outobiografie. Freud (1955: 46 en 53) verwys in *Beyond the Pleasure Principle* (*Jenseits des Lustprinzips*) na 'n duidelike dualisme in die psige wat heers tussen die doodsdrif (die doodsinstink of doodswens) en die seksuele instink (die lusbeginsel): eersgenoemde streef daarna om dit wat lewend is na die dood te lei; laasgenoemde is voortdurend daarop ingestel om die lewe te hernu en te verleng. Freud stel dit verder soos volg: "Eros operates from the beginning of life and appears as a 'life instinct' in opposition to the 'death instinct' which was brought into being by the coming of life of inorganic substance" (1955: 61). Ellie Ragland (1995: 87) verduidelik dat die "id", die bron van aggressiewe libidinale energieë wat verbonde is met die meer primitiewe liggaamlike instinkte, oormatige eise vir die bevrediging van plesier stel wat nie korreleer met die beperkte beskikbaarheid van plesier in die werklikheid nie. Hierdie wanbalans gee aanleiding tot die doodsdrif wat streef na stabiliteit en gelykmatigheid. In reaksie op die blinde libidinale energieë wat vanaf die id afkomstig is, is Thanatos as die doodsdrif op die verlaging van opwindingsvlakke of spanningspunte in die menslike lewe ingestel. Indien die entropiese funksionering van die doodsdrif nie geopponeer word nie, sal dit vermoedelik die dood van die individu tot gevolg hê. In hierdie artikel wil ek aanvoer dat Eros en Thanatos op uiteenlopende maniere in 'n interafhanklike spanningsverhouding teenoor mekaar te staan kom in die seksuele outobiografie. Dit is onrealisties om te verwag dat elke outobiograaf daarin sal slaag, of dit hoegenaamd as wenslik sal beskou, om 'n volmaakte balans tussen die twee pole in hulle tekste te bereik. Die diversiteit van seksuele ervarings lei tot wisselende assosiasies met die erotiese en die dood.

Literêr bevredigende tekste wat feitlik uitsluitlik klem lê op Eros as die vreugdevolle en kreatiewe ervaring van seksualiteit is dun gesaai en neig dikwels in die rigting van pornografie. Daar bestaan egter uitsonderings. In *My Lives* (2005) vind Edmund White dit ondanks sy eie besmetting met vigs moontlik om seks as 'n lewensbevestigende beginsel voor te stel. Trouens, in 'n feitlik pornografiese beskrywing van sy belangstelling in sado-masochistiese seks, spreek White (2005: 243) selfs die hoop uit dat sy outobiografie jong manlike lesers seksueel sal stimuleer: "I thought you, the reader of the future, the solitary

twenty-year-old in Kansas, might be able to hear my voice [...]. Like Walt Whitman I want to excite at least one young man not yet born; the kid in Singapore or Salt Lake City who gets an erection at the thought of humiliating his teacher."

In teenstelling met die verteller-protagonis in *My Lives* (White, 2005) wat seks feitlik konsekwent as 'n lewensbevestigende element voorstel, is die vertellende subjek in outobiografiese vigstekste deurgaans bewus van die dood wat 'n akute gevaar vir die subjek geword het weens die oordraagbaarheid van vigs tydens seks. Die Johannesburgse skrywer en joernalis Adam Levin (2005: 34) skryf in sy boek *Aidsafari*: "I guess, subconsciously, I've needed to demonise sex in some way, in order to heal. It is, after all, what made me so very sick". Hy demoniseer seks in die eerste deel van sy teks, 'n vertelling van sy geveg teen die dood as vigslyer. In die tweede deel van *Aidsafari* waarin Levin (2005: 219) skryf oor sy langsame herstel vind hy dit egter wel moontlik om die erotiek van (veilige) seks weer op 'n positiewe manier by sy identiteit te integreer: "I will live the rest of my life within a condom of consequence. Never again will I truly feel the erotic intimacy of skin inside skin. But I will feel skin against skin. I will allow myself to touch and to be touched. For as long as a heart still thumps in this chest".

In outobiografiese verslae van 'n geskiedenis van seksuele misbruik word seksualiteit dikwels voorgestel as 'n gevaar vir die lewe en as 'n belemmering, en selfs 'n ontkenning, van die ontwikkeling van 'n eie identiteit. In *Dis ek, Anna* van Elbie Lötter (2004) is die outobiografiese figuur, Anna, die slagoffer van kindermolestering deur haar stiefpa met vernietigende gevolge vir die ontwikkeling van haar seksuele identiteit. Ook vir Helen Brain (2006: 209-210) in *Here Be Lions* is Thanatos bepalend vir haar verhouding tot seksualiteit: die seksuele misbruik wat sy as kind moes deurmaak, lei uiteindelik tot ernstige psigologiese probleme, 'n obsessie met die dood en selfmoordgedagtes.

Hoewel elke seksuele outobiograaf hom- of haarself êrens op die glyskaal tussen die twee uiterste pole van Eros en Thanatos posisioneer, is daar in die meeste seksuele outobiografieë, soos in *Aidsafari* van Adam Levin (2005), 'n deurlopende onderhandelingproses tussen dié twee pole en dit is juis hierdie spanningsverhouding wat dikwels die narratief voortdryf.

## *3.3 Seksualiteit as belydenis*

Die Christelike geskiedenis van die Westerse samelewing is waarskynlik verantwoordelik vir die noue assosiasie tussen die seksuele outobiografie en die belydenisliteratuur. Trouens, Michel Foucault (1978: 63) noem die outobiografiese narratief as een van die eietydse vorms waarin die ouer Christelike rituele rondom die belydenis van onder meer seksuele dade steeds bydra tot die

Westerse diskoers oor seksualiteit. In Van Gorp se *Lexicon van literaire termen* (1991: 41) word die outobiografie beskou as 'n onderdeel van die belydenisliteratuur waarin die outeur voor sy of haar lesers openlik'n soort *confessio* aflê oor die self.

Vigs, soos sifilis in die verlede, het die potensiaal om toegeëien te word deur die Christelike vertoog oor skuld en sonde waarin onbeteuelde seksuele drif as 'n bedreiging vir die mens se geestelike en liggaamlike welsyn voorgestel word (Commers, 2000: 155). In *Witness to AIDS* spreek Edwin Cameron[4] (2005: 71) die vermoede uit dat die stigma en geheimhouding wat kleef aan vigs verband hou met die slagoffers se skaamte daaroor dat hulle skuldig is aan 'n "sonde" van seksuele kontaminasie. Sy teks is 'n poging om juis hierdie skaamte en gepaardgaande geheimhouding teen te gaan sodat vigs uiteindelik beskou sal word as 'n gewone siekte sonder die stigma van seksuele oordaad. Cameron se persoonlike belydenis as 'n persoon wat met vigs lewe is juis daarop gerig om religieuse moralisering te verwyder uit die diskoers oor vigs sodat meer vigsslagoffers in Suid-Afrika die vrymoedigheid sal hê om vir behandeling aan te meld (2005: 66-67).

Die motivering vir 'n seksuele outobiografie is dikwels 'n knaende skuldgevoel oor seksuele losbandigheid. Die vertelling as belydenis word dan 'n suiwerende terapie wat die outobiograaf in staat stel om afskeid te neem van 'n geskiedenis van seksuele uitspattigheid of om ten minste groter insig in sy of haar eie seksuele kondisie te verkry. Foucault (1978: 62) dui aan dat die belydenisritueel intrinsieke veranderinge meebring in die persone wat die belydenis aflê: dit onthef hulle van skuld, dit bied verlossing en suiwering, dit maak hulle vry en dit beloof redding. In sy belydende outobiografiese essay *Denken is een lust* (1985) stel die Nederlandse skrywer Willem Jan Otten homself voor as die gevangene van sy obsessie met pornografie en hy bied 'n uitgebreide analise van die pornografieverbruiker met homself as voorbeeld. Deur die belydenis kan hy begin uitreik na 'n verlossing van sy seksuele obsessie.

In sommige tekste is die eksplisiete verheerliking van seksuele genot dikwels 'n opstand teen onverdraagsame morele gedragskodes in die samelewing en word dié tekste as 't ware aweregse belydenisse. In sy outobiografiese kortverhaal "Die poort van hemelse vrede" uit *Slagplaas* stel Koos Prinsloo (1992) byvoorbeeld sy verteller met sy eksplisiete seksbeskrywings op teen twee Christelike fundamentaliste wat afkeurend reageer op sy gay voorkoms. Die verteller se enumerasie van 'n reeks seksuele dade word uiteindelik nie 'n litanie vir 'n skuldbelydenis nie, maar word eerder omgesit in 'n konfrontasie met konserwatiewe Christene wat feitlik onder dwang moet kennis neem van sy seksuele promiskuïteit (sien Visagie, 2001).

Hierdie verhaal van Prinsloo sluit aan by 'n ontwikkeling in outobiografiese skryfwerk waarin die klem op seks saamhang met 'n sterk behoefte om afskeid te

neem van ideologiese sisteme uit die verlede, soos byvoorbeeld die georganiseerde godsdiens, wat as dogmaties beskou word. Onder die dogma sou dan die werklike, onbelemmerde, seksuele self aangetref kan word. Die opvatting dat seks die geheim van die self verteenwoordig, 'n siening wat sedert die einde van die negentiende eeu baie invloedryk geword het, lei daartoe dat seks sentraal gestel word in die outobiograaf se pogings om die self bloot te lê. Die geheime self wat in 'n ondersoek na die seksuele ontdek word, word geag die "werklike" self van die subjek te verteenwoordig eerder as die self wat deur openbare optrede en prestasies van die subjek kenbaar geword het (Crozier, 2001: 805; 807). Sedert die ontstaan van die Christelike belydenisritueel geniet seks naamlik 'n bevoorregte status as 'n onderwerp van belydenis hoewel dit uiteraard belangrik is om daarop te let dat die Christelike hantering van seks nooit uitsluitlik tot die diskoers van sonde, skuld en belydenis beperk was nie. Dit is in die Christelike belydenisse dat seks toenemend met waarheid geassosieer is en die ritueel geword het waardeur die diepste geheime oor die self blootgelê kon word (Foucault, 1978: 58-61). Die seksuele outobiografie met 'n sterk belydende inslag kan dus beskou word as 'n voortsetting van die belydenisritueel waarin seks steeds die fokuspunt van alle aandag is.

### 3.4 'n Opeenstapeling aan seksbeskrywings

My laaste opmerking oor die aard van die seksuele outobiografie is nie van toepassing op alle tekste wat ek as seksuele outobiografieë beskou nie. Daar is 'n beduidende aantal seksuele outobiografieë wat gekenmerk word deur 'n opeenstapeling of oorversadiging van seksbeskrywings. Representasies van die geslagsdaad wat soms tot vervelens toe herhaal word, het dan 'n enigsins voorspelbare reëlmaat en 'n afstomping van die leser tot gevolg. Hierdie vertellings vertoon uiteraard ooreenkomste met die byna kompulsiewe herhaling van sekstonele wat tipies is van die pornografiese literatuur. Ivan Crozier (2001: 806) beskou die memorie van ene Walter uit die Victoriaanse tyd, *My Secret Life*, as 'n vorm van pornografie wat vandag nog voortleef in die insetsels in pornografiese tydskrifte wat gestruktureer word as 'n verslag van 'n eerstepersoonsverteller van sy of haar seksuele avonture. Soos later in meer besonderhede aangetoon sal word, kan *Kontrei* van Kleinboer geld as 'n voorbeeld van 'n outobiografiese teks waarin die byna obsessiewe herhaling van seksuele ervarings bepalend word vir die struktuur van die teks wat ooreenkomste toon met sommige bydraes in die Afrikaanse pornografiese tydskrif *Loslyf*.[5]

Op 'n psigoanalitiese vlak is dit moontlik om die spanning tussen Eros en Thanatos, en spesifiek die verskynsel van herhaling, te skakel met die opeenstapeling van seksbeskrywings in sommige seksuele outobiografieë. Die onderdrukte instinkte wat Freud (1955: 42) met die id en die lusbeginsel (Eros)

assosieer, sien nooit daarvan af om na algehele bevrediging te streef nie en vind uiting in die herhaling van 'n vroeër, primêre ervaring wat wel 'n gewaarwording van bevrediging bewerkstellig het. Die herhalende beskrywings van spesifieke seksuele praktyke by sommige seksuele outobiograwe kan dus teruggevoer word na 'n behoefte om terug te keer na soortgelyke ervarings in die verlede wat in hulle herinneringe die aanskyn van algehele bevrediging geniet.

Freud (1955: 20) voeg egter by dat nie al hierdie instinkte wat tot kompulsiewe herhaling aanleiding gee noodwendig as aangenaam ervaar word nie. Die blootlegging van die bedrywighede van die onderdrukte instinktiewe impulse deur herhaling kan vir die ego – wat die aggressiewe energieë van die id teëwerk deurdat dit ingestel is op die handhawing van balans en stabiliteit in die psige – 'n bepaald onaangename sensasie meebring. Die ego word sodoende ook betrek by 'n vorm van herhaling wat in dié geval met die werking van die doodsdrif verbind word. Herhaling is hier eerder 'n retrograde poging van die ego om die eksessiewe eise vir wensvervulling wat uit die id voortkom – eise wat deur die ego as onaangename sensasies ervaar word – teë te werk in 'n beweging wat in ooreenstemming is met die retrograde wens vir 'n terugkeer na 'n anorganiese toestand, dit wil sê die primordiale doodstoestand. Hierdie vorm van herhaling wat met die doodsdrif geassosieer word, staan dus op gespanne voet met die vorm van herhaling wat ingestel is op die herbelewing van 'n herinnerde aangename ervaring om bevrediging te bied aan onderdrukte instinktiewe impulse wat met die seksuele geassosieer word (Freud, 1955: 35).

'n Psigoanalitiese interpretasie van die opeenstapelings van seksbeskrywings in tekste soos *Kontrei* (2003) van Kleinboer en *My Lives* (2005) van Edmund White kan die leser tot die gevolgtrekkig lei dat dié opeenstapelings verband hou met 'n behoefte by die vertellers om deur herhaling die bevrediging wat 'n vroeër, primêre ervaring sou gebied het, terug te vind. In 'n teks soos *Man-Bitch* van Johan van Wyk wil dit egter voorkom asof herhaling voortspruit uit 'n doodsdrif by die verteller: herhaling binne die konteks van 'n reeks ongelukkige liefdesverhoudings is gekoppel aan 'n voortdurende herbesoek aan abjeksie; 'n begeerte by die subjek om die self te ledig en te verafsku.

Dit is waarskynlik dat die bogenoemde vier aspekte wat tiperend is van die seksuele outobiografie – seksualiteit as strukturerende beginsel van die seksuele outobiografie, die spanning tussen Eros en Thanatos, die konfessionele aard van die seksuele outobiografie en die opeenstapeling van seksuele beskrywings – aangevul kan word met nog meer aspekte. Voorlopige studie suggereer byvoorbeeld dat die seksuele outobiografie veral gewild is by skrywers wat op een of ander manier slagoffers is of sosiaal gemarginaliseer is op grond van hulle seksuele geskiedenis. Homoseksuele, vigslyers, seksueel gemolesteerdes en skrywers wat soos Johan van Wyk en Kleinboer tot die literêre *underground* gereken kan word, voel klaarblyklik aangetrokke tot die seksuele outobiografie as 'n

medium om uitdrukking te gee aan hulle nonkonformistiese identiteite. Gemarginaliseerde skrywers wat wêreldwyd interkulturele lewens lei, beskou die transdissiplinêre genre van die outobiografie reeds 'n geruime tyd as 'n besonder geskikte vorm van selfuitdrukking (Gilmore soos aangehaal deur Hornung, 1997: 228). Die seksuele outobiografie bied vermoedelik verdere moontlikhede aan die outobiograaf om uitdrukking te gee aan 'n lewe wat gekenmerk word deur liminaliteit en marginalisering.

In die hieropvolgende bespreking word die eerste drie van die bogenoemde aspekte van die seksuele outobiografie uitvoeriger toegelig aan die hand van Johan van Wyk se *Man-Bitch* (2001) en Kleinboer se *Kontrei* (2003) nadat enkele kontekstuele faktore rondom die verskyning van die twee tekste kortliks bespreek is. Die vierde aspek, die opeenstapeling van seksbeskrywings in seksuele outobiografieë, kom wel in die bespreking van *Kontrei* ter sprake, maar weens die reeds omvangryke lengte van hierdie artikel sal dit nie afsonderlik in oënskou geneem word nie.

## 4. *Man-Bitch* (2001) en *Kontrei* (2003) as seksuele outobiografieë

### *4.1 Kontekstuele faktore rondom die publikasie van* Man-Bitch *en* Kontrei

Geeneen van die outobiografiese tekste waaraan die res van hierdie artikel gewy word, het by gevestigde uitgewerye verskyn nie. Johan van Wyk het in 2001 self sy *Man-Bitch* in 'n beperkte oplaag uitgegee nadat etlike uitgewers van Engelse van Afrikaanse boeke die teks vir publikasie afgewys het (Coullie & Van Wyk, 2006: 403). In 2006 gee Van Wyk 'n tweede en taalkundig beter versorgde weergawe van *Man-Bitch* uit. Kleinboer se *Kontrei*, 'n outobiografiese verslag wat hoofsaaklik in die tydperk van 1999 tot 2000 gesitueer word, het in 2003 by die Uitgewery Praag van die omstrede Afrikaanse taalaktivis en romanskrywer Dan Roodt verskyn. Drie ander uitgewers, Human en Rousseau, Protea en Hond, het weens die uitdagende inhoud van *Kontrei* nie kans gesien om dit te publiseer nie (Kombuis, 2004: 15). *Kontrei* het nietemin besonder goed verkoop en na aansienlike media-aandag het dit in 2004 die *Rapport*/Jan Rabie-prys verower ("Kleinboer eerste wenner van *Rapport*/Jan Rabie-prys", 2004: IV). In 2006 verskyn 'n Engelse vertaling van *Kontrei* onder die titel *Midnight Missionary* (Kleinboer, 2006).

Die verskyning van beide *Man-Bitch* (Van Wyk, 2001) en *Kontrei* (Kleinboer, 2003) is gekenmerk deur 'n mate van verwarring oor die waarheidsaansprake van die tekste wat soms as romans en soms as outobiografieë bestempel is. Die tekste is aanvanklik as romans bemark, waarskynlik om moontlike lastereise te voor-

kom. Kleinboer (aangehaal deur Retief, 2004: 1) het egter na die publikasie van *Kontrei* in 'n onderhoud aangedui dat sy uitgewer, Dan Roodt, sonder sy toestemming die woord "roman" op die voorblad van sy teks geplaas het. Volgens Kleinboer is daar slegs een insident in *Kontrei* wat nie waar is nie en dat sy teks daarom nie werklik as 'n roman beskryf kan word nie. Lewis Nkosi (2005) resenseer Johan van Wyk se *Man-Bitch* as 'n gefiksionaliseerde outobiografie terwyl Van Wyk in sy "Gillespiestraatslenters (Van Wyk, 2000a en 2000b) en in *Man-Bitch* self na sy boek as 'n roman verwys. Daar is wel fiksionele elemente in *Man-Bitch* al is dit moontlik dat die fiksionalisering alleen maar beperk is tot die name van sommige karakters wat verander is. In die "Gillespiestraatslenters" (Van Wyk, 2000a en 2000b) wat as rubrieke sonder enige skyn van fiksionalisering op die internettydskrif *LitNet* gepubliseer is, heet die karakter Zodwa in *Man-Bitch* byvoorbeeld Zaza Khuzwayo wat in werklikheid die naam van die skryfster is wat Van Wyk begelei het in die skryf van haar outobiografie *Never been at home* (Khuzwayo, 2004). In 'n onderhoud identifiseer Van Wyk (in Coullie & Van Wyk, 2006: 401) verder die karakter Z. in *Man-Bitch* as Zinhle Mdakane, die skrywer van *No Way Out* (2001).

Die genreomskrywing "autofiction" (outofiksie), wat geld as 'n variant van die outobiografie, is myns insiens die bevredigendste genrebenaming vir *Man-Bitch* (Van Wyk, 2001) en *Kontrei* (Kleinboer, 2003). Serge Doubrovsky (2005: 28) dui aan dat outofiksie verskil van die outobiografiese roman waarin die skrywer weliswaar sekere episodes uit sy of haar lewe gebruik, maar nog steeds agter fiktiewe personasies skuil. In outofiksie tree die outeur op as sowel die verteller as die protagonis, 'n gegewe wat binne 'n fiksionele konteks gesitueer word en 'n besliste skokwaarde het soos inderdaad in *Man-Bitch* en *Kontrei* die geval is. Ook Jacques Lecarme en Éliane Lecarme-Tabone (2004: 268-269) dui aan dat outofiksie beskou kan word as narratiewe tekste waarin die outeur, die verteller en die protagonis dieselfde nominale identiteit deel, maar hulle voeg by dat die outofiksionele teks ook die eksplisiete generiese benaming "roman" dra. Outofiksie is nietemin 'n variant van die outobiografie en die fiksionele word beperk tot eerstens die generiese beskrywing, "roman", op die buiteblad of titelbladsy; tweedens die aansienlike stilistiese vryhede wat meestal met fiksie geassosieer word; en derdens die strategieë van kondensering en verplasing wat die geleefde tyd van die subjek herorganiseer in 'n narratiewe tyd. Die vertelinstansie is gewoonlik 'n "ek" wat dieselfde naam as die outeur het, maar die boodskap wat die outeur in outofiksie oor die vertelinstansie en protagonis stamelend oordra, is desondanks: "Dit is ek, maar dit is ook nie ek nie" (Lecarme & Lecarme-Tabone, 2004: 271).[6] Outofiksie kom dus neer op 'n ondermyning van die "outobiografiese pakt" (Lejeune, 1989: 22) waarvolgens leser en skrywer hulle verbind tot 'n veronderstelling van waarheidsgetrouheid as maatstaf van hulle betrokkenheid by betekenisproduksie in die outobiografie.

Johan van Wyk se "Gillespiestraatslenters" het net soos *Man-Bitch* vanaf 1999 tot 2001 hulle ontstaan gehad en kan beskou word as 'n korter en makker weergawe van Van Wyk se Engelse teks.[7] In hierdie periode het Van Wyk 'n woonstel besit in Oxford House, 'n Art Deco-gebou in Gillespiestraat digby die strandfront in die Durbanse Puntgebied. Hierdie gebied was vroeër 'n wit woonbuurt en was gesog onder vakansiegangers. In die jare negentig van die vorige eeu het daar egter 'n demografiese verskuiwing plaasgevind en die Puntgebied het toenemend 'n swart woonbuurt geword. As die rooiligbuurt van Durban word dit ook gekenmerk deur die hoë voorkoms van misdaad.

In *Man-Bitch* skryf Van Wyk (2001) oor die protagonis se kortstondige maar intense verhoudings met 'n aantal swart prostitute genaamd Mbali, Angel, Luisa, Beauty, Zodwa en uiteindelik 'n vrou wie se naam slegs as Z. aangegee word. Sowat 'n jaar na die bekendstelling van *Man-Bitch* het Van Wyk 'n ernstige beroerte gehad wat sy werksvermoë as akademikus ernstig gekortwiek het. Hy ervaar 'n verdere terugslag toe 'n vriendin wat hy in die skryfproses van haar outobiografie begelei het, hom in 2002 probeer vermoor het. In 'n persoonlike brief skryf Van Wyk (2004) dat hierdie vrou se dwelmafhanklikheid en jaloesie haar gemotiveer het om hom aan te val. Na hierdie moordpoging het Van Wyk na Bloemfontein verhuis om by sy ouers op hulle plaas te gaan woon.

Ook *Kontrei* van Kleinboer (2003), oftewel Fanie de Villiers, speel af in 'n woonbuurt, Yeoville in Johannesburg, wat vroeër oorwegend wit was, maar vandag hoofsaaklik 'n swart migrantebuurt is waar misdaad 'n groot probleem is (vergelyk Prabhala, 2005: 22 en Hattingh, 2004: 17). Die verteller in *Kontrei* (15-16) merk op dat hy met 'n rewolwer onder sy bed slaap en slegs sy eie voordeur oopmaak indien hy hom eers met 'n panga ('n kapmes) bewapen het. Hy besit verder 'n huis wat hy jare reeds deel met sy Zulusprekende vriendin Lungi en haar jong seun Jomo. Hy het 'n ingewikkelde en nogal gekwelde verhouding met Lungi wat MIV-positief is en klaarblyklik in die verlede 'n prostituut was. In *Kontrei* skryf Kleinboer oor sy protagonis se onbevredigende werk in die IT-sektor. As ontvlugting van sy werk en van Lungi besoek hy 'n groot aantal swart prostitute in Johannesburg op wie hy 'n aansienlike deel van sy salaris bestee. In Maart 2006, drie jaar na die publikasie van *Kontrei*, tree Kleinboer tydens 'n tradisionele seremonie met Lungi in die huwelik. Hy betaal R40 000 as lobola en moet tydens die seremonie onder meer 'n bees met 'n spies doodsteek (Von Meck, 2006: 9).

Volgens Lewis Nkosi (2005) is stedelike gebiede soos die Punt in Durban en Yeoville in Johannesburg wat nuut gekonstitueerde ruimtes is, by uitstek daarvoor geskik om nuwe identiteite na vore te laat tree wat voorheen weens die rigiede raswette van die apartheidsbewind onmoontlik was. Nkosi (2005) mik met sy begrip "nuut gekonstitueerde ruimtes" op die demografiese herorganisasie wat sedert die 1990's in sommige middestadsgebiede in Suid-Afrika plaasgevind

het. Hierdie gebiede soos die Punt en Yeoville asook Hillbrow in Johannesburg en Sunnyside in Pretoria was voorheen wit woonbuurte wat sedertdien 'n gemengde maar hoofsaaklik swart bevolking het. Hierdie nuut gekonstitueerde veelrassige stedelike gebiede, wat ook 'n gewilde tuiste is vir migrante uit ander Afrikalande, funksioneer as uitdagings van die dominante orde waarvolgens woonbuurte wat volgens ras gesegregeer is, steeds 'n werklikheid is. Die nuut gekonstitueerde gebiede word in hulle uitdagendheid dikwels gekodeer as eroties, dit wil sê as sowel gevaarlik as potensieel bevrydend (Knopp, 1995: 152). Die verwagting is dus dat die "nuwe identiteite" waarvan Nkosi praat heel moontlik geseksualiseerde identiteite sal wees wat emansipasie en integrasie moet kan omarm te midde van gevaarlike omstandighede.

In Johan van Wyk se *Man-Bitch* ervaar die protagonis sy kontak met mense van ander kulturele agtergronde as sy eie in die Puntgebied as verrykend en moeiteloos. Seksuele kontak en kohabitasie met swart vroue word deel van sy daaglikse bestaan. Van Wyk verklaar in 'n onderhoud (Coullie & Van Wyk, 2006: 402) dat ook hy nie meer seker is of hy nog werklik wit is nie en verkies eerder om homself 'n Suid-Afrikaner, 'n inwoner van die Punt in Durban te noem: "I am proud of the way people live together there: rich, poor, white, and the full spectrum of black". Die protagonis in *Man-Bitch* identifiseer hom ten volle met die kulturele toleransie wat sy omgewing kenmerk, maar stuit hom tog buite die Punt, met 'n mate van verbasing, teen die rasse- en morele vooroordele van byvoorbeeld sy Afrikanerouers (47) en van sy vriendin Mbali wat huiwer om hom aan haar tradisionele Zulusprekende kenniskring voor te stel (11).

Kleinboer identifiseer hom in *Kontrei* (2003) steeds sterk met die Afrikaanse kultuur, hoofsaaklik met die rykdom wat die Afrikaanse taal en literatuur hom bied, maar streef terselfdertyd na aanvaarding deur swart mense. Hy verset hom teen wit Suid-Afrikaners se vooroordeel teen swart mense as "gewelddadige barbare" en kritiseer hulle daarvoor dat hulle nooit die moeite doen om hulle "voorstedelike tronkhuisies" te verlaat om 'n sjebeen of 'n township te besoek nie (Kleinboer aangehaal deur Malan & Taylor, 2005: 52). In *Kontrei* is die verteller afwysend teenoor sy Franse en Nederlandse voorsate as moontlike "rolmodelle" (37) en merk op dat sy pa "die piep" sal kry as hy moet sien hoe sy seun eerder "pap en vleis saam met swart Afrikane met die hand eet" (38).

Die verteller in *Kontrei* ervaar nietemin aanpassingsprobleme in die oorwegend swart Yeoville. Sy weersin in die rommelstrooiery van die swart inwoners (222), sy pogings om die lawaaierige honde in sy buurt in toom te hou (72-73, 117 en 176) en sy vasbeslotenheid om sy tuin[8] skoon te hou van die sade van sy bure se onkruid wat "soos kieme sy erf ingewaai" kom (192), is tekens van 'n voortdurende ongemak met die swart kultuur wat die toon aangee in Yeoville. H.P. van Coller (2006: 92) is ook van mening dat die verteller se nostalgiese terughunkerings en pogings om in sy stadstuin iets van 'n idilliese landelike bestaan te

herskep, tekenend is van sy verset teen 'n te noue assosiasie met die stedelike swart kultuur. Tog steek die verteller nie graag die "Boereworsgordyn" (71) oor na wit Afrikanergebiede nie. Die Afrikanerkultuur is nie meer deel van sy daaglikse verwysingsraamwerk nie soos blyk uit sy waarnemings van 'n kerkbasaar in Worcester wat soortgelyk is aan dié van 'n toeris wat 'n behoefte ervaar om die kulturele eiendomlikhede van die Afrikanergemeenskap met 'n kamera vas te lê. In 'n onderhoud met Rian Malan antwoord Kleinboer met huiwering op 'n vraag oor sy moontlike assosiasie met 'n histories deurlopende Afrikaner-identiteit. Hy merk op dat indien daar 'n verborge tradisie in die Afrikanerdom is om seksuele omgang met swart vroue te hê, hy graag wil bekend staan "as die arm man se Coenraad Buys".[9] Vir Kleinboer is 'n identifikasie met 'n Afrikaner-identiteit dus slegs aantreklik indien hy hom kan assosieer met historiese Afrikanerfigure soos Buys wat ook 'n voorliefde vir swart vroue gehad het (Malan & Kleinboer, 2006).

## *4.2 Seksualiteit as strukturele beginsel in* Man-Bitch *en* Kontrei

*Man-Bitch* van Johan van Wyk (2001) en *Kontrei* van Kleinboer (2003) het 'n vergelykbare strukturele opbou rondom seksualiteit. Die titels van die twee tekste oriënteer reeds die leser op die seksuele inhoud van die boeke hoewel die titel van *Kontrei* 'n meer bedekte spel is met die betekenisse *streek* ("kontrei") of *vaginale verkeer* ("kont ry"). Die woord "bitch"in *Man-Bitch* verwys in bepaalde kontekste na 'n wellustige of venynige vrou; in samehang met die woord "man" suggereer dit dat die teks 'n beeld sal bied van 'n venynige man met 'n aktiewe libido en 'n voorkeur vir promiskue seks. Die titel van Van Wyk se teks verwys na 'n belediging wat die verteller se vriendin Angel hom in 'n kroeg toegesnou het omdat hy ontrou aan haar was:

> "This man was my boyfriend. He gave me this cell phone." And she showed it to everybody.
>
> "He slept with my best friend. He is doing it to everybody. He fucks around. He has done it to Mbali (spontaneous clapping of hands by friends of Mbali who has warned her). He is a bitch. He is a man bitch. He is a Boer. He is just another Boer" (20).

In hierdie woorde van Angel is daar 'n samevloeiing van die diskoerse van seksualiteit (insluitend die uitbuiting van onbevoorregte vroue deur 'n man met finansiële vermoëns) en ras. Deurdat die outeur Angel se beledigende tipering as titel gekies het vir sy teks, gee hy in werklikheid toe dat immoraliteit en seksuele oordaad 'n wesenlike deel van die protagonis se persoon is. Op die voorblad van *Man-Bitch* is die titel boonop bo-oor 'n selfportret van Johan van Wyk afgedruk

sodat 'n verbandlegging tussen die "man-bitch" en die skrywer feitlik onvermydelik is.

Die titel van Kleinboer se *Kontrei* is 'n woordspeling op "kont ry", met ander woorde 'n platvloerse verwysing na kopulasie met 'n vrou. Die struktuur van die teks word dan ook in 'n hoë mate bepaal deur die herhalende beskrywings van die verteller se seksuele ervarings met prostitute en met sy lewensmaat Lungi. Die titel verwys egter ook na die verteller se verbondenheid aan Johannesburg, en spesifiek Yeoville, as sy kontrei waar hy sy tuin bewerk en 'n bestaan vir hom en vir Lungi en Jomo skep. Die dubbelsinnige betekenis van die titel suggereer egter dat sy kontreigevoel verknoop is aan sy seksuele lewe. Deur sy seksuele ervarings met swart vroue skep hy vir hom 'n leefwêreld, 'n eie kontrei in Johannesburg, waarin hy nie gebonde is aan die rassetaboes wat tot dusver bepalend was vir die handhawing van 'n Afrikaneridentiteit nie.

Die strukturerende funksie van seks in die narratief van *Kontrei* is so opvallend dat André P. Brink (2004: 76) na die teks verwys het as 'n "naaikatalogus". Die vertelling wentel rondom die verteller se veelvuldige sekservarings en een van die groot krisisse wat hy beleef, naamlik die verhoudingskrisis wat hy beleef wanneer Lungi ontdek dat hy kontak het met 'n prostituut in hulle eie omgewing, word ook deur seks op die spits gedryf.

Die gereelde bordeeltonele volg 'n reëlmaat wat kenmerkend is van pornografiese tekste waarin die herhaling van sekshandelinge 'n belangrike struktuurelement is. In hierdie tonele is daar 'n gereelde *macho*-manlike bevestiging van die protagonis se viriliteit soos wanneer hy sy "onafgeskeepte voël" in Rebecca, 'n prostituut van Nelspruit, se "verganklike uiterlike" (45) instoot. Die ongelyke magsverhouding tussen die betalende (vermoënde) manlike kliënt en die behoeftige vroulike prostituut spreek uit hierdie beskouing van die lewensbevestigende potensie van die verteller se penis wat kontrasteer met die "verganklike", gestigmatiseerde liggaamlikheid van die prostituut.

Kleinboer probeer kennelik om die prostitute in sy vertelling 'n sekere individualiteit te gee deur hulle te karakteriseer op grond van hulle voorkoms, hulle verskillende seksuele tegnieke, en die voorwerpe wat in hulle bordeelkamers voorkom. Ntlantla dring byvoorbeeld daarop aan om seks te hê met haar skoene steeds aan haar voete (61) en Jackie se liefde vir rose blyk uit die tatoeëermerk van 'n roos op haar arm en die plastiek rose in haar kamer (110). Kleinboer se karakterisering van die prostitute lei egter tot 'n sekere eenselwigheid wat versterk word deur die protagonis se obsessie om elke prostituut met haar spesifieke kamernommer te verbind. Die vroue word nommers (105), objekte, en tree werklik nie na vore as geskakeerde personasies nie.

Hierteenoor slaag Johan van Wyk daarin om die vroue in *Man-Bitch* te laat ontwikkel as personasies wat nie bloot gereduseer word tot hulle potensiaal om liefde en/of seks aan die manlike protagonis te verskaf nie. Van Wyk (2004) meen

ook dat die gegewe van die prostituut sentraal is in *Kontrei*, maar hy is van mening dat die prostitute in *Man-Bitch* volwaardige personasies ("mense") is en dat hy die begrip *prostituut* beskou as vreemd en nie werklik geldig nie. Uit die verwysings na byvoorbeeld gesellinklubs (68) word dit vir die leser duidelik dat baie van die vrouekarakters in *Man-Bitch* betrokke is by prostitusie, maar Van Wyk vermy in sy boek die gebruik die woord *prostitution* (sien ook Reddy, 2001: 12). Hy is van mening dat die begrip "prostituut", 'n reduktiewe begrip, gemunt is met die opkoms in die negentiende eeu van die sosiologie en kriminologie wat gepaardgegaan het met die drang om alle sosiale verskynsels te klassifiseer. Die geld wat betrokke is by die verhoudings wat die verteller in *Man-Bitch* met verskillende vroue het, is volgens Van Wyk (in Coullie en Van Wyk, 2006: 399) deel van die algemene armoede wat in die teks beskryf word.

## *4.3 Eros en Thanatos*

Die spanning tussen Eros en Thanatos is deeglik aanwesig in *Man-Bitch* (Van Wyk, 2001) en *Kontrei* (Kleinboer, 2003). In beide seksuele outobiografieë is die bedreiging van vigs 'n konstante herinnering aan die dood tydens seksuele verkeer. Die vertellings van die verteller-protagoniste keer by herhaling terug na die onderwerp van kondoomgebruik as 'n beskerming teen besmetting met vigs. Oor Kleinboer se toegespitste belangstelling in kondome skryf François Smith (2004: 9): "Van die twyfelagtige geborgenheid van die Bybel en sy plattelandse jeug het hy 'n nuwe begrensdheid binnegegaan, 'n begrensdheid wat deur die kondoom versinnebeeld word. In die vigs-era word die hart in lateks gehul – die kondoom is nou die laaste grens". In *Kontrei* verkry die kondoom as fetisj van erotiese genot en doodsgevaar, van Eros en Thanatos, 'n dubbele kodering. Enersyds is die kondoom tekenend van die plesier wat die manlike subjek put uit seksuele praktyke wat te midde van die vigspandemie die grense tussen lewe en dood uitdaag; andersyds word dit beskou as 'n belemmering, nie net in die verkryging van volledige seksuele bevrediging nie, maar ook as voorbehoedmiddel wat kinderloosheid in die hand werk.

Die fetisjistiese funksie van die kondoom in *Kontrei* hang dus eerstens saam met die avontuur wat betrokke is by seks wat juis intenser ervaar word weens die doodsgevaar wat anderkant die dun wande van die kondoom skuil en dus met elke seksdaad in 'n sorgvuldige spel uitgetart word.[10] In *Kontrei* kom die spanning tussen Eros en Thanatos naamlik tot uitdrukking in die protagonis se vermoede dat sy riskante sekslewe neerkom op "'n plesierige manier om gevaarlik te lewe" (121). Hy vermeld ook die raad wat hy van 'n tarotleser ontvang: "al skryf ek oor herinneringe aan 'n afgrond, beteken dit nie ek hoef steeds naby die afgrond te leef nie" (197). Sy literêre kreatiwiteit, die seksuele plesier wat hy put uit sy bordeelbesoeke, sy gereelde drank- en daggagebruik, en sy keuse om in 'n buurt

met hoë vlakke van misdaad te woon, word gemotiveer deur 'n ingesteldheid op risiko en gevaar. Die moontlikheid van selfvernietiging verhoog klaarblyklik die bevrediging wat hy put uit die riskante aspekte van sy lewe terwyl hy afwysend staan teenoor die sieldodende veiligheid van sy daaglikse werksroetine in die IT-sektor. Die kondoom word in *Kontrei* die fetisj van die manlike subjek se ervaring van Eros in die tergende aanwesigheid van Thanatos, maar die keersy van die kondoom as dubbel gekodeerde fetisj is die gevoel van verlies en onvervuldheid wat dit by die subjek laat.

Tydens 'n besoek aan Worcester dring 'n seksmaat uit die plaaslike omgewing, Cathy, aan op penetrasie sonder 'n kondoom. Kleinboer beskryf die toneel soos volg: "Dis hemels om weer my naakte voël in 'n vrou te voel, vleis teen vleis, maar ná omtrent tien sekondes stoot ek haar weg en sê ons moenie kanse vat met siektes nie" (153). In 'n poging om besmetting met MIV te voorkom, was die protagonis sy geslagsorgaan vervaard by twee ander geleenthede (66 en 217) wanneer hy onbeskermde seks het. Sy verligting is groot wanneer hy na elkeen van hierdie insidente negatief toets vir MIV. Die kondoom as fetisj van die doodsveragtende genot wat hy put uit riskante seks met prostitute en sy MIV-positiewe lewensmaat, Lungi, word verder gekoppel aan 'n teleurstelling by die vertellende subjek dat hy weens die voorbehoedingsfunksie van kondome nie 'n kind sal kan verwek nie (50) en dat kondome hom weerhou van totale seksuele oorgawe. In een van sy tien "bordeelwette" stel Kleinboer se protagonis dit soos volg: "Daar is nooit totale oorgawe nie: 'n deel van die brein moet die toestand van die kondoom monitor" (75). Die vertellende subjek mis die meer intieme liggaamlikheid van onbeskermde seks en betreur die rasionele beheer wat met seks gepaardgaan sedert kondome die suksesvolste beskerming teen vigs geword het vir mense wat seksueel promisku lewe.

In een van Kleinboer se drome word die blanke patriargie wat sy verlede bepaal het, sy gespanne verhouding met die Christelike godsdiens en sy vrees vir besmetting met die MI-virus saamgetrek:

> Ek het gedroom 'n mamba pik 'n glasdeur tussen my en hom oop. Nie 'n gat in die glas nie, maar die geweld van die pikslag het die deur laat oopswaai en die slang het langs my hakskeen beland. Nie 'n swarte of 'n groene nie, maar 'n roomkleurige mamba. Voor ek iets heldhaftigs kon doen, of hy verdere skade kon aanrig, word ek met 'n bonsende hart wakker (26).

Die beeld van 'n slang wat langs die verteller se "hakskeen" te lande kom, roep assosiasies met die duiwel op wat as die slang in die tuin van Eden verantwoordelik was vir die sondeval van die mens (vergelyk *Die Bybel*, Genesis 3:15). Die verteller word in sy droom klaarblyklik geteister deur die vrees dat hy deur die aanval van die giftige mamba kan sterf en dat sy dood as 'n selferkende "ongelowige" (164) verder sal neerkom op die verdoemenis van sy siel. Hy maak dit

duidelik dat die mamba, wat ook 'n duidelike falliese simbool is, wit (roomkleurig) van kleur was. Hy vrees skynbaar vergelding van die blanke patriargie wat hom in sy Calvinistiese jeug die slagoffer van 'n outoritêre opvoeding gemaak het (27, 127, 161). Die deur van glas wat die mamba ooppik, is verder 'n moontlike dramatisering van die verteller se voortdurende vrees dat sy penis tydens seks deur die deursigtige lateks van 'n kondoom kan breek (19) en hom weerloos teen besmetting met die dodelike MI-virus kan laat. Seksualiteit word dus op drie maniere in die ontstellende droom betrek, naamlik deur die prominensie van seksualiteit tydens Adam en Eva se sondeval, die falliese bedreiging van die patriargie en die gevaar van kondoomlose seks.

In *Kontrei* word die kondoom die fetisj van die verteller se seksuele begeertes én sy vrese oor seksualiteit. Die genot van gevaarlike seks asook sy verlange na 'n nageslag en na intieme liggaamlikheid word gekonsentreer in die gegewe van die kondoom, want "naai met 'n kondoom hou darem die spiere, ligamente, potjies, senings, gewrigte, hart, longe en verbeelding geolie en in goeie werkende toestand... dinge wat jy gaan nodig kry as jy later weer 'n kondoomlose gelukkie kry of skep" (10). Kleinboer sluit sy seksuele outobiografie af met 'n beskrywing van 'n besoek aan Lungi se niggie, Nellie, wat sterwend is aan vigs. Die liggaamlike aftakeling wat so duidelik is by Nellie dien as 'n versoberende herinnering aan die gevaar wat buite die dun latekswande van die kondoom skuil (235-237).

In *Man-Bitch* is daar 'n uitgesproke doodswens wat die verteller feitlik altyd verbaliseer in verband met seks en liefde. Die spanning tussen Eros en Thanatos is dus ook aanwesig in Van Wyk se seksuele outofiksie. In sy koorsagtige soektog na liefde by 'n verskeidenheid prostitute kom die verteller tot die gevolgtrekking: "Something was pushing me to deplete myself. I have reached the end of a responsible life" (19). Tog weier hy aanvanklik om sielkundige berading te ontvang omdat hy nie seker is dat hy werklik na sy vroeëre normaliteit wil terugkeer nie. Die genot wat hy put uit sy morbiede seksualiteit spreek byvoorbeeld uit die toneel waar hy die prostituut Beauty tydens seksuele verkeer vra om eendag sy keel af te sny op die juiste oomblik wanneer hy 'n orgasme bereik (66). Die gevaar dat hy binne afsienbare tyd moontlik impotent kan word, dryf hom tot radeloosheid. Hy verkies die vooruitsig van die dood en herinner homself aan sy gereelde versoek aan Zodwa om hom dood te maak (71). Die vreugdes van seksuele genot gee klaarblyklik sin aan die verteller se bestaan, maar dit is terselfdertyd juis die soms slopende najaag van seksuele vervulling wat 'n besef van eindigheid en doodsheid by hom nalaat.

Hy put verder genot uit die voorstelling van Beauty se geslagsorgaan as 'n slang wat soos 'n strop om sy penis vou (63) en hy verwys verder na die begeerlike Zodwa se kannibaliserende vagina (80). Hy put ook genot uit die penetrasie van Z. se "bloody darkness" (82). Tydens sy penetrasie van swart vroue put die verteller klaarblyklik plesier uit 'n ontmagtigende oorgawe aan die swart

ander, die stereotipiese kannibaal van die gewelddadige donker kontinent in die Westerse koloniale diskoers.

In *Man-Bitch* en in *Kontrei* sentreer die spanningsverhouding tussen Eros, die vitale genotsaspek in seksuele verkeer, en Thanatos, die bedreigende doodselement in die belewing van seks, rondom vigs en die ander. In albei tekste beleef die verteller-protagoniste die noodsaaklikheid van beskermde seks met kondome as 'n belemmering, 'n herinnering aan die dood wat deur die seksuele oordraagbaarheid van vigs kan intree. In *Kontrei* word die kondoom egter 'n dubbel gekodeerde fetisj en die verteller put uiteindelik erotiese genot uit die uitdaging van die doodsgevaar wat skuil anderkant die dun latekswande van die kondoom.

Seks met swart vroue as die historiese ander van die wit Afrikanerman is enersyds 'n bevryding van die taboes oor intimiteit met die ander wat die rassegrense tussen wit en swart in stand gehou het. Volledige oorgawe aan die verhoogde seksuele plesier wat hierdie taboedeurbreking meebring, word in *Man-Bitch* getemper deur 'n knaende doodswens wat by die verteller aanwesig is. Dit is moontlik dat dit juis hierdie doodswens is wat die verteller motiveer om kontak met swart vroue as die ander binne die abjekte konteks van prostitusie na te streef. Die andersheid van die swart prostituut dreig om die kultureel verworwe inhoude van die self te oorweldig en selfs te vernietig. Sodoende word die doodswens van die verteller gevoed terwyl hy terselfdertyd verhoogde erotiese plesier put uit die uitdagende grensoorskrydende ervaring van seks met swart vroue. Die spanning tussen Eros en Thanatos word dus 'n kernelement in die ontwikkeling van die narratief in Van Wyk se seksuele outobiografie.

## 4.4 *Seks, skuld en belydenis*

Die kwessie van skuld en belydenis wat dikwels prominent aanwesig is in die seksuele outobiografie blyk onder meer uit die verteller in *Man-Bitch* se terugkerende skuldgevoel oor sy onvermoë om sy vriendin Mbali enduit te ondersteun in haar geveg teen vigs waaraan sy uiteindelik ook sterf. Die strukturerende gegewe van die verteller se selfkarakterisering as 'n "bitch" (20, 21, 75) word in Van Wyk se seksuele outobiografie geïntegreer by die verteller se belydenis van sy eie immoraliteit: "I've got a confession to make. Today I'm an emfebe. I'm a bitch. I want to feel like a bitch" (75).

In *Kontrei* neem die belydenis oor die seksuele eksesse van die verteller die vorm aan van gereelde aanhalings uit die Bybel oor prostitusie.[11] Verse uit die 1933-Bybelvertaling in Afrikaans word met komiese effek betrek om kommentaar te lewer oor die protagonis se herhaalde bordeelbesoeke. Volgens die verteller maak hy biltong van die Bybel. Hy dui sodoende sy kritiese distansiëring van die Bybel aan met die gepaardgaande assosiasies van 'n streng Calvinistiese opvoeding. Seks word as 't ware sy nuwe godsdiens, sy "afgod" (99), in 'n doel-

bewuste en ondermynende omkering van die Bybelse vermanings teen afgodediens en prostitusie.

Die Bybelverse tree nietemin as 'n gewete op in die teks. Vergelyk die volgende kontrasterende verse wat Kleinboer uit *Die Bybel* siteer: "Paulus het gesê: '*Sal ek dan die lede van Christus neem en dit lede van 'n hoer maak? Nee, stellig nie!*' (1 Korinthiërs 6 vers 15)" en: "Die Here het aan Hoséa gesê: "*Gaan heen, neem vir jou 'n hoervrou en hoerkinders.*" (Hoséa 1 vers 2)" (33). Die verteller het uiteraard letterlike uitvoering gegee aan die "verordening" van God in die laasgenoemde Bybelvers, maar die vermaning in die vers uit 1 Korinthiërs handhaaf steeds 'n aanwesigheid in Kleinboer se teks. Daar is dus 'n Christelik-belydende element in *Kontrei* en in enkele gevalle aktiveer die Bybelverse ook die spanning tussen Eros en Thanatos in die vertelling. Die aanhaling van Spreuke 7 verse 21 tot 23 wys op die verlokking van 'n prostituut wat tot die ondergang van die man in haar visier lei: "*Sy het hom verlei deur haar baie mooipraatjies, deur die gladheid van haar lippe het sy hom verlok. Hy loop skielik agter haar aan soos 'n bees wat na die slagpaal gaan*" (95). Die boodskap is hier duidelik dat ongeoorloofde seksuele genot lei tot die ondergang van diegene wat hulle daaraan oorgee.

By die verteller in *Kontrei* is daar enersyds 'n poging om deur die kompulsiewe herhaling van vertellings van sy sekservarings met prostitute'n soort normaliteit te verleen aan sy seksuele eksesse buite die konvensionele raamwerk van die monogame liefdesverhouding. Dié ervarings verkry deur herhaling 'n sekere legitimiteit binne die grense van die narratiewe wêreld wat die verteller tot stand bring. Andersyds is daar by die verteller met sy Christelike agtergrond 'n behoefte om elke individuele seksuele ervaring te bely aan die leser wat, weens die verteller se afwysing van die Christelike geloof, die funksie verkry van 'n swyg-same, anonieme biegvader sonder 'n uitgesproke Christelike profiel. Hierdie twee konflikterende aspekte van die belydenissituasie is egter albei gerig op die vooruitsig van bevryding waarmee die belydenis normaalweg geassosieer word (Foucault, 1978: 60). Met sy normaliserende herhalingstegniek probeer die verteller om hom te bevry van die onverbiddellikheid van die sosiale taboe op veelvuldige seksuele ervarings met 'n verskeidenheid seksmaats (spesifiek prostitute). Terselfdertyd wil hy hom met sy belydenis van elke seksdaad van die skuldgevoel bevry wat weens sy Calvinistiese agtergrond by hom opbou oor sy oortreding van die Christelike seksuele moraal.

Die belydende vertellers in *Kontrei* en *Man-Bitch* verplaas soms hulle skuldgevoelens oor hulle eie seksuele losbandigheid na die omgewings waarin hulle woon. Met verwysing na God se verdelging van die seksueel losbandige stede Sodom en Gomorra in die Bybel (Genesis 19: 1-27) noem die verteller in *Kontrei* sy Johannesburgse omgewing (Yeoville en ander rasgeïntegreerde buurte waar hy seksuele avonture beleef) 'n Gomorra (50). In *Man-Bitch* beskryf die verteller die Durbanse Puntgebied as 'n Sodom wat sy ondergang nader (2). Sy vriendin

Mbali keer in die vroeë oggendure terug huis toe en probeer om die verteller daarvan te oortuig dat sy met niemand omgang gehad het nie:

> She says: "Smell this poes. You think I've been fucking! Come taste this poesy (sic) for yourself. You always think I'm going to fuck." There is war in the darkened skies; great cannon shots of lightening. "God decided to wipe out beautiful Sodom," I think while the band at the Four Seasons continues to play (2).

Die gesprek oor seksuele promiskuïteit lei daartoe dat die verteller-protagonis die onweer vergelyk met God se aanslag op Sodom terwyl die orkes in die Four Seasons Hotel langs sy woonstelgebou ongestoord verder speel soos die musikante op 'n skip (die Titanic) wat besig is om te sink. Die belydende verteller besef egter dat hy deel is van die seksuele permissiwiteit in die rooiligbuurt waar hy hom uit vrye wil gevestig het en hy kan nie soos Lot in die Bybel aanspraak maak op morele onskuld nie. Die vertellers in *Man-Bitch* en *Kontrei* is nou betrokke by die seksuele permissiwiteit wat die nuut gekonstitueerde geïntegreerde stedelike gebiede in Suid-Afrika kenmerk.

## 5. Slot

Ondanks behoudende elemente in *Kontrei* en die uitbuiting van vroue deur prostitusie wat in albei tekste beskryf word,[12] is ek van mening dat sowel Van Wyk as Kleinboer betrokke is by 'n – weliswaar morsige – soeke na nuwe Suid-Afrikaanse identiteite deur onder meer "(k)ulturele kruisbestuiwing" (Kleinboer in 'n onderhoud met Botes & Grundling, 2004). Hierdie identiteite berus op toenadering tot en identifikasie met die historiese ander van wit mense in Afrika, naamlik swart mense en meer spesifiek swart vroue. Daar is verder 'n erkenning by albei skrywers dat hierdie identiteite gebore moet word uit die drek van honderde jare van geslagtelike – en rasseongelykheid in Suid-Afrika, 'n geboorte wat moet plaasvind binne liminale ruimtes soos die Durbanse Puntgebied en Yeoville in Johannesburg waar kulturele wederkerigheid en hibridisering noodsaaklike oorlewingstrategieë geword het.[13]

In 'n studie oor wit mense se pogings om gemaksones in postapartheid Suid-Afrika te beding, identifiseer Richard Ballard (2004: 64) onder meer diegene wat daarin geslaag het om hulle identiteite te integreer by 'n kosmopolitiese omgewing waarin hulle differensie aanvaar en daarmee kan omgaan sonder om dit te probeer dwing in die keurslyf van die norme wat "wit" rassistiese gemeenskappe in die verlede as aanvaarbaar beskou het. Hierdie individue soos Kleinboer en Johan van Wyk wat, toe dit wetlike moontlik geword het, 'n keuse vir integrasie by 'n veelrassige omgewing uitgeoefen het, streef na 'n meer poreuse identiteit (Ballard, 2004: 65) waarin andersheid geakkommodeer kan word. Daar is 'n gewilligheid om eendersheid en gemeenskaplike belange oor die rasgrense heen

te identifiseer: "urban spaces change from being spaces of avoidance or assimilation to spaces of engagement" (Ballard, 2004: 65). Lisa Johnston (2007: 4) meen byvoorbeeld dat Kleinboer 'n grys area verken waar 'n klein minderheid besig is om te tas na 'n Suid-Afrikaanse identiteit wat bevry is van die kloue van apartheid.

Binne hierdie konteks van geïntegreerde nuwe stedelike ruimtes word in sowel Kleinboer as Van Wyk se tekste 'n kataliserende rol toegeken aan seks en prostitusie in die verkenning van 'n meer poreuse identiteit wat verder gaan as die gevestigde rasgebaseerde identiteite wat steeds bepalend is in die Suid-Afrikaanse samelewing. Kleinboer skryf byvoorbeeld dat sy "rondfokfilosofie" die volgende insluit: "Prostitute dryf handel in 'n gebied waar wêrelde ontmoet. As jy mooi kyk, sal jy sien dis nie grys nie. 'n Besoedelde paradys waar binding en ontbinding vinnig geskied" (187). Met die woord "paradys" verwys Kleinboer uiteraard na seksualiteit wat 'n rol gespeel het in Adam en Eva se sondeval en ook bepalend is in sy eie leefwêreld, maar hy gee terselfdertyd erkenning aan sy stedelike omgewing as 'n nuwe begin net soos die paradys in die Bybelboek, Genesis, 'n begin in die skeppingsproses verteenwoordig het. Kleinboer se paradys is egter 'n "[b]esoedelde paradys" waarmee hy te kenne gee dat verwagtinge van 'n nuwe begin moet rekening hou met sosiale onsuiwerhede en verloedering, 'n onvermydelike premis vir die ontwikkeling van nuwe identiteite. Vanuit Kleinboer se perspektief groei nuwe identiteite kennelik nie uit die identiteitprojekte van kerk- en regeringsorganisasies wat hulle beroep op vlekkelose morele en polities korrekte agendas nie.

Dit behoort nouliks verbasend te wees dat seksualiteit 'n belangrike katalisator is in die soektog na leefbare alternatiewe vir die ideologies aangetaste identiteitskonstruksies wat die nalatenskap van wit oorheersing in Suid-Afrika is. Pumla Dineo Gqola (2005: 3-4) wys op die liggaamlike dimensies van geïnstitusionaliseerde geweld teenoor swart mense in die geskiedenis. Sy merk op dat dit onmoontlik is om oor ras te praat sonder om terselfdertyd ook iets oor seksualiteit te sê weens die uitwisseling van betekenisinhoude in die totstandkoming van hierdie kategorieë binne die ontwikkeling van kennis oor Afrikane. Ook Kevin Thomas Miles (1997: 134 en 138) maak melding van die diskursiewe ooreenkomste tussen ras en seks, maar vanuit 'n meer filosofiese hoek verwys hy na ras en seks as betekenaars wat albei 'n bepaalde vloeibaarheid en ambiguïteit besit en as sodanig deur die grense van die rasionaliteit kan sypel om 'n meer basiese, prerasionele reaksie uit te lok. Wanneer hierdie betekenaars mekaar ontmoet soos in *Man-Bitch* en in *Kontrei* is daar dus die verhoogde potensiaal vir die ontstaan van nuwe en verrassende betekenisse wat die star identiteitsdiskoerse van die Suid-Afrikaanse samelewing kan losskud en uitdaag.[14]

Dit is moontlik juis weens die ontwrigtende potensiaal wat die vloeibaarheid en ambiguïteit van ras en seksualiteit besit dat hulle die basis vorm van die

grootste taboes binne die wit gemeenskap in Suid-Afrika. In die 1970's het 'n skrywer soos André P. Brink reeds met aansienlike sukses begin om in romans soos *Kennis van die aand* (1973) en *'n Oomblik in die wind* (1975) die eksplosiewe potensiaal van die ontmoeting tussen ras en seksualiteit te ontgin in sy romans. Met hulle seksuele outobiografieë sit Johan van Wyk en Kleinboer hierdie projek voort binne die veranderende konteks van postapartheid Suid-Afrika.

*Universiteit van KwaZulu-Natal, Durban*

## Bronne

**Ballard, Richard.** 2004. Assimilation, Emigration, Semigration and Integration: 'white' peoples' strategies for finding a comfort zone in post-apartheid South Africa. In: Distiller, Natasha & Melissa Steyn. (reds.). *Under Construction: 'Race' and Identity in South Africa Today*. Sandton (Johannesburg): Heinemann: 51-66.

**Bataille, Georges.** 1962 (1957). *Eroticism*. Londen & New York: Marion Boyars.

**Botes, Zani & Erns Grundling.** 2004. Kleinboer dodge die koeëlreën. *LitNet* http://www.oulitnet.co.za/heupvuur/kleinboer.asp. Toegang: 2005.

**Brain, Helen.** 2006. *Here Be Lions. A Memoir, not Suitable for Children*. Cape Town: Oshun.

**Brink, André P.** 1973. *Kennis van die aand: roman.* Kaapstad: Buren.

**Brink, André P.** 1975. *'n Oomblik in die wind.* Emmarentia: Taurus.

**Brink, André P.** 2004. Kontrei is koning. *Insig* 191, Maart: 76-77.

**Cameron, Edwin.** 2005. *Witness to AIDS*. Cape Town: Tafelberg.

**Cocteau, Jean.** 1983. *Le livre blanc*. Paris: Messine / Pierre Bergé.

**Coullie, Judith Lütge & Johan van Wyk.** 2006. *Man-Bitch*: Poetry, Prose and Prostitution. In: *Selves in Question. Interviews on Southern African Auto/Biography*. Honolulu: University of Hawai'i: 395-407.

**Commers, Ronald.** 2000. *De val van Eros. Over seksuele armoede vandaag*. Antwerpen: Houtekiet.

**Cremer, Jan.** 2000 (1964). *Ik Jan Cremer*. Amsterdam: De Bezige Bij.

**Crozier, Ivan.** 2001. Sexuality and Life Writing. In: Jolly, Margaretta. (red.). *Encyclopedia of Life Writing. Autobiographical and Biographical Forms. Volume 2*. Londen & Chicago: Fitzroy Dearborn: 805-807.

***Die Bybel. Dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat, oorgesit uit die oorspronklike tale.*** 1933. Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

**Doubrovsky, Serge.** 2005. Ne pas assimiler autofiction et autofabulation. *Le Magazine littéraire* 440 (Maart): 28.

**Du Plessis, Clinton V**. 1997. *Kort van draad*. Cradock: Gatsak-gedigte.

**Foucault, Michel.** 1978 (1976). *The History of Sexuality. Volume 1. An Introduction.* Londen, New York, Ringwood, Toronto & Auckland: Penguin.

**Freud, Sigmund.** 1955. *The Standard Edition of the Complete Psychological Works of Sigmund Freud. Volume XVIII.* Londen: Hogarth; The Institute of Psycho-Analysis.

**Govender, Prega.** 2001. Excerpts from Man Bitch. *Sunday Times*, 25 Maart: 3.

**Gqola, Pumla Dineo.** 2005. Yindaba kaban' u'ba ndilahl' umlenze? Sexuality and Body Image. *Agenda*, 63: 3-9.

**Greeff, Rachelle.** 2006. Wanneer die weloorwoë woord help heel. *Rapport (Perspektief)*, 27 Augustus: 4

**Hambidge, Joan.** 2004. Om die ou Adam af te lê. Drie Afrikaanse tekste bekyk manlike psige. *Die Burger*, 7 Februarie: 13.

**Hattingh, Ryk.** 2004. Wat maak oom Kallie daar? Seksbehepte se relaas is onthoubare fiksie. *Rapport* (*Perspektief*): 17.

**Hornung, Alfred.** 1997. Autobiography. In: Bertens, Hans & Douwe Fokkema. (reds.). *International Postmodernism. Theory and Literary Practice.* Amsterdam & Philadelphia: John Benjamins: 221-233.

**Johnston, Lisa.** 2007. *Midnight Missionary* by Kleinboer (Zebra). *Mail & Guardian (Friday)*, 2-8 Februarie: 4.

**Kannemeyer, J.C.** 2005. *Die Afrikaanse literatuur 1652-2004.* Kaapstad & Pretoria: Human & Rousseau.

**Kendal, Rebekah.** 2006. Kleinboer: *Midnight Missionary.* http://entertainment.iafrica.com/books/at_home/fiction/478369.htm. Toegang: 2006

**Kleinboer.** 2003. *Kontrei.* Johannesburg (Dainfern): Praag.

**Kleinboer.** 2006. *Midnight Missionary.* Cape Town: Zebra.

**Kleinboer eerste wenner van *Rapport*/Jan Rabie-prys.** 2004. *Rapport* (*Perspektief*): IV.

**Knopp, Lawrence.** 1995. Sexuality and Urban Space: A Framework for Analysis. In: Bell, David & Gill Valentine. (reds.). *Mapping Desire. Geographies of Sexualities.* Londen & New York: Routledge: 149-161.

**Koen, Karin.** 2004. Crossing borders and boundaries: from 'foreign prostitutes' to 'victims of trafficking in persons'. *Agenda*, 62: 85-91.

**Kombuis, Koos.** 2004. Kleinboer: Vryburger van die nuwe SA. *Rapport* (*Perspektief*): 15.

**Khuzwayo, Zazah.** 2004. *Never Been at Home.* Kaapstad (Claremont): David Philip.

**Krouse, Matthew.** 2006. Silent drama of the street corner. *Mail & Guardian (Friday)*: 28 July-3August: 2.

**Lecarme, Jacques & Éliane Lecarme-Tabone.** 2004 (1997). *L'autobiographie.* Parys: Armand Colin.

**Lejeune, Philippe.** 1989. *On Autobiography*. Minneapolis: University of Minnesota.

**Lessing, Carel.** 2001. Dié digter 'is te vreemd vir volk'. *Die Burger*, 19 April: 4.

**Levin, Adam.** 2005. *Aidsafari. A Memoir of My Journey with Aids*. Kaapstad: Zebra.

**Lötter, Elbie.** 2004. *Dis ek, Anna*. Kaapstad: Tafelberg.

**Malan, Pieter.** 2004. 'Selfs 'n hoereloper het sy standaarde'. *Rapport (Perspektief)*: 25 Januarie: 16.

**Malan, Mia en Darren Taylor.** 2005. Toer en rumoer deur Kenia. *Insig* 205, Maart: 48-52.

**Malan, Rian & Kleinboer.** 2006. ABSA Ketting: Rian Malan in gesprek met Kleinboer. *LitNet*
http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=print_article&news_id=6513&cause_id Toegangsdatum: 2006.

**Mdakane, Zinhle Carol.** 2001. *No Way Out. Story of an X-Street Kid*. Durban: Universiteit van Durban-Westville (Life History Series, School of Languages and Literature).

**Miles, Kevin Thomas.** 1997. Body Badges: Race and Sex. In: Zack, Naomi. (red.). *Race/Sex. Their Sameness, Difference and Interplay*. New York & Londen: Routledge: 133-143.

**Nkosi, Lewis.** 2005. Uittreksel uit resensie van *ManBitch*. In: *Johan van Wyk – a short biography and bibliography – of this KwaZulu-Natal author.* http://literature.kzn.org.za/lit/44.xml Toegangsdatum: 2005.

**Olivier, Fanie.** 2004. En Kleinboer se ander sfere? *Beeld*, 1 Maart: 11.

**Otten, Willem Jan.** 1985. *Denken is een lust. Essay*. Amsterdam: Querido.

***Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek.*** Deel II. 1972. Pretoria; Kaapstad & Johannesburg: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing; Tafelberg.

**Posel, Deborah.** 2004. 'Getting the nation talking about sex': reflections on the discursive constitution of sexuality in South Africa since 1994. *Agenda* 62: 53-63.

**Prabhala, Achal.** 2005. Ode to my Yeoville. *Mail & Guardian*, 12-18 Augustus: 22-23.

**Prinsloo, Koos.** 1992. *Slagplaas*. Kaapstad & Johannesburg: Human & Rousseau.

**Ragland, Ellie.** 1995. *Essays on the Pleasures of Death. From Freud to Lacan*. New York & Londen: Routledge.

**Reddy, Shanta.** 2001. Sometimes crass and vile but also relentlessly honest. *Independent on Saturday*, 21 April: 12.

**Retief, Hanlie.** 2004. Breërig, boererig, baldadig. *Rapport* (*Perspektief*): 1.

**Smit, Martina.** 2004. Kleinboer se roer. *Beeld*, 10 Januarie: 9.

**Smith, François.** 2004. In die nuwe betonoerwoud word hart in lateks gehul. *Die Burger*, 22 Maart: 9.

**Sommer, Agnes.** 1991. *Houden van Afrikanen. Ennerverende reiservaringen*. Amsterdam: Uitgeverij Maarten Muntinga (Rainbow pocketboeken); Uitgeverij SUA.

**Van Coller, H.P.** 2006. Die representasie van plaas, dorp en stad in die Afrikaanse prosa. *Stilet* XVIII (1): 90-121.

**Van Gorp, H.** ***et al.*** 1991. *Lexicon van literaire termen*. Leuven: Wolters.

**Van Wyk, Johan.** 2001. *Man-Bitch*. Durban: Johan van Wyk.

**Van Wyk, Johan.** 2000a Gillespiestraatslenters. Maart 2000. *LitNet*. http://www.oulitnet.co.za/gillespie/2000_03.asp Toegangsdatum: 2005.

**Van Wyk, Johan.** 2000b Gillespiestraatslenters. Life History of Zabanguni Khuzwayo. *LitNet*. http://www.oulitnet.co.za/gillespie/2000_05.asp. Toegangsdatum: 2005.

**Van Wyk, Johan.** 2004. Persoonlike en ongepubliseerde e-posbrief aan Andries Visagie, 2 Maart.

**Van Wyk, Johan.** 2006. Letter to Luisa. *Ons Klyntji*, 110: 1.

**Van Wyk, Johan.** 2006. Zaza. *Ons Klyntji*, 110: 1.

**Visagie, Andries.** 2001. Seks en liggaamlikheid in *Slagplaas* van Koos Prinsloo. In: Botha, Danie (red.). *Party van ons. Die Homeros Leesboek 2001*. Kaapstad: Homeros: 26-36.

**Visagie, Andries.** 2004. Erotiek in die digkuns van Hennie Aucamp. In: Spies, Lina & Lucas Malan. (reds.). *'n Skrywer by sonsopkoms. Hennie Aucamp 70*. Stellenbosch: Sun Press:152-168.

**Von Meck, Anoeschka.** 2006. Kombuis se briewe boek toe. *Rapport*, 16 Julie: 9.

**White, Edmund.** 2005. *My Lives*. Londen: Bloomsbury.

## Note

1 Oor sy begeleiding van Zazah Khuzwayo en Zinhle Carol Mdakane se skryfwerk lewer Van Wyk (2004) soos volg kommentaar in 'n persoonlike e-posbrief aan Andries Visagie: "Zaza wou haar storie skryf en het dit alreeds begin voor ek haar ontmoet het. Sy het dit basies in die tronk geskryf. Ek het gereeld vir haar daar gaan besoek. Ons het nogal 'n ernstige verhouding gehad [...]. Zinhle dink ek het hare geskryf nadat sy Zaza s'n gelees het. Sy het basies in 'n kwessie van 'n paar weke dit geskryf. Al haar aandag het na die boek gegaan. Dit was eintlik wonderwerke, want dit was die eerste meisies wat ek ontmoet het wat 'n storie kon en wou skryf. Daar is baie ander sogenaamde hoere met stories, geweldig interessante stories om te vertel, wat net nie weet hoe om dit te beskryf nie." In 'n onderhoud met Prega Govender (2001: 3) wys Van Wyk daarop dat sy literêre begeleiding van prostitute deel is van sy opheffingswerk "to get them off the streets". Van Wyk se rol in die ontstaan van Kleinboer se *Kontrei* (2003) blyk onder meer uit Kleinboer se opmerking (in Smit,

2004: 9) dat *Kontrei* gegrond is op briewe en e-posberigte wat hy aan Johan van Wyk, Koos Kombuis en sy tweelingbroer geskryf het. Die opspraakwekkende publikasie van *Man-Bitch* het daartoe gelei dat Van Wyk doodsdreigemente ontvang het en daar eise was vir sy bedanking as professor aan die Universiteit van Durban-Westville (Reddy, 2001: 12).

2 Die Ontugwet is in 1926 in Suid-Afrika aanvaar en is gedurende die apartheidsperiode (in 1950) verskerp om seksuele kontak tussen mense van verskillende rassegroepe te verbied. Liefde oor die kleurgrense heen het met ander woorde strafbaar geword. Hierdie wet, asook die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike (1949) was daarop gemik om rasvermenging te verhoed. Met die verslapping van sekere apartheidswette tydens die P.W. Botha-bewind is die immoraliteitswetgewing in die 1980's slegs in uitsonderlike gevalle nog toegepas en is uiteindelik in 1985 heeltemal herroep.

3 Luidens die flapteks van haar boek was Agnes Sommer, 'n akademikus, tydens die publikasie van *Houden van Afrikanen* besig om 'n proefskrif in vrouestudies te voltooi oor Keniaanse "kustkrijgers en white ladies" aan die Universiteit van Amsterdam.

4 Myns insiens kan *Witness to AIDS* van Cameron nie as 'n voorbeeld van 'n seksuele outobiografie beskou word nie omdat persoonlike seksuele ervaring nouliks 'n rol speel in dié teks wat veel eerder toegespits is op 'n oorsig van ontwikkelinge in die diskoers oor vigs in Suid-Afrika en elders in die wêreld.

5 *Loslyf* was die eerste kommersiële pornografietydskrif in Afrikaans en is opgerig na die liberalisering van sensuurwetgewing sedert die einde van die Nasionale Party-bewind in 1994. Die literêre Afrikaanse skrywer Ryk Hattingh was die oprigter van *Loslyf*.

6 In 'n onderhoud versoek Van Wyk die onderhoudvoerder, Judith Lütge Coullie, om hom nie met die verteller in *Man-Bitch* te verwar nie: "Be careful of phrases like 'your experiences'; don't confuse me with the narrator. I crafted these experiences into text through a rather painful and slow process of distortion, fantasy, selection, and ability to recall words for things. Yes, it has contact points with my life, but it is not my life. The point is that I wanted to write the post-apartheid text. I was a bit tired of the 'disgrace' phenomena with all the moaning and groaning about the new South Africa. I wanted to develop a new style to express the beauty of decay – something that is completely urban, as I'm also really sick and tired of the haunting phantom of the farm novel" (Coullie & Van Wyk 2006: 397). Hier beskryf Van Wyk in werklikheid sy boek as outofiksie. Hy herformuleer as 't ware Lecarme en Lecarme-Tabone (2004: 271) se tipering van die verhouding tussen skrywer en protagonis in outofiksie, "Dit is ek, maar dit is ook nie ek nie", as: "Dit is my lewe, maar ook nie my lewe nie".

7 Johan van Wyk se liefdes- en seksuele ervarings tydens sy verblyf in die Durbanse Puntgebied het verder neerslag gevind in die uitreiking van 'n CD, *My Name is Angel* (sien ook Lessing, 2001: 4) en die publikasie van 'n aantal gedigte, "Letter to Luisa" en "Zaza" in die literêre tydskrif *Ons Klyntji* 110: 1 (Maart 2006).

8 Op grond van die verteller in *Kontrei* se waardering van die huislike roetine en sy liefde vir tuinmaak, beskou André P. Brink (2004: 76) Kleinboer se boek as 'n

behoudende boek wat op die oog af 'n "geil naaikatalogus" is, maar in werklikheid 'n knieval is voor die bourgeois-waardes wat die skrywer uit sy jeug saamdra.

9 Coenraad de Buys was 'n Voortrekker wat hom reeds teen 1815 in die Soutpansberge gevestig het. Die sterk anti-Engelse en individualistiese De Buys het verhoudings met ten minste drie swart en gekleurde vroue gehad en sy gekleurde nageslag woon tot vandag nog in die nedersetting Mara-Buys naby die dorp Louis Trigardt (*Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek. Deel II*. 1972: 166).

10 In 'n onderhoud lewer Kleinboer soos volg kommentaar op die funksie van kondome in sy spel met die dood tydens seks: "Ek speel met Vigs soos wat 'n meerkat met die keel van 'n kobra speel. Deep, deep, deep down in my is daar dalk 'n daredevil wat 'n moerse kick kry om met mortality te speel. Ek kom (excuse the pun) dalk nonchalant voor, maar ek's tog doodbang vir Vigs – so bang as wat 'n sweefstok-arties is om hom vrek te val. Maar soms verloor die sweefstok-arties hom glo só in daardie bollemakiesie, konsentreer hy só hard om sy toertjie perfek uit te voer, dat hy sy vrees verloor. En soos wat hy 'n veiligheidsnet doer onder het, is daar darem ook 'n ekstra-sterk kondoom tussen my en die swart tonnel wat my wil insuig" (Malan & Kleinboer, 2006).

11 Joan Hambidge (2004: 13) identifiseer verder die volgende tegnieke van die belydenisroman in *Kontrei*: "die gebruik van 'n alter ego of 'n aangesprokene (Sarel), verwysings na 'n roman of dagboek wat geskryf word, die hier en nou wat met die verlede in jukstaposisie geplaas word."

12 Daar is 'n groot aantal etiese vraagstukke wat deur *Man-Bitch* en *Kontrei* opgewerp word. Veral Kleinboer se verteller (17) is krities oor sienings van prostitusie as 'n soort uitbuiting van vroue deur mans. Die verteller in *Man-Bitch* gee toe dat hy vroue seksueel uitbuit, maar hy verkies uiteindelik om prostitusie te beskou as 'n verhouding waarin al die betrokkenenes hulle aan uitbuiting skuldig maak (38). Ten minste een leser, Shanta Reddy (2001: 12), is van mening dat Van Wyk die menslikheid van prostitute met erns bejeën in sy eerlike verslag van sy kontak met hierdie vroue. Dit is egter duidelik dat die protagoniste in sowel *Kontrei* as *Man-Bitch* gereeld gebruik maak van die seksuele dienste van vroue wat as migrante na Suid-Afrika kom om hulle armoedige omstandighede te ontvlug (sien ook Koen, 2004: 87). 'n Verdere etiese kwessie in *Kontrei* is Kleinboer se versuim om sy lewensmaat, Lungi, in te lig dat hy in sy boek, sonder die gebruik van enige skuilname, intieme besonderhede oor haar bekend gemaak het soos onder meer haar MIV-status (Von Meck, 2006: 9 en Malan, 2004: 16). In *Kontrei* gee Kleinboer se verteller selfs te kenne dat sy narratief 'n vorm van vergelding is vir Lungi se langdurige besoeke aan kroeë wat gereeld tot konflik in hulle verhouding lei: "My revenge will be to fuck around and to WRITE about it!" (35).

13 Ismail Farouk, 'n stedelike geograaf en maker van onder meer die kort film *Yeoville* (2004), wys op nuwe faktore wat 'n invloed op stedelike identiteite in Suid-Afrika het en wat die geykte rassediskoers oorskry: "I think the effects of apartheid are very important to recognise, but you should keep an eye on the current issues: the forces

of globalisation and the race to realign the city in the hierarchy of the global economy. In my view, the country's neo-liberal policies are far more damaging – we think we are free but we really are not. People are still hung up on racial politics and are not recognising the endangered vibrancy of Jo'burg street life in the face of the enforced privatised city" (Farouk aangehaal deur Krouse, 2006: 2).

14 Daar is egter diegene wat bedenkinge het oor die geslaagdheid van 'n identiteitsoeke wat histories gestigmatiseerde praktyke soos die seksuele uitbuiting van prostitute en die erotiese objektivering van die swart vroulike liggaam deur wit mans as vertrekpunt neem. Hoewel Rebekah Kendal (2006) verwag dat *Kontrei* 'n seminale werk van die postapartheid literatuur in Suid-Afrika sal wees, is sy nietemin krities oor die verteller se erotisering van die swart vroulike liggaam en sy skryf: "His attempts at redefining himself by inscribing himself in and on the bodies of black women is ultimately futile".